Geagte Ouers, Voogde, 16 Augustus 2022

**PRODUKSIE 2022: GUTS EN GLORIE [GUTS AND GLORY]**

Met groot opgewondenheid en afwagting is elke Mullie-leerder en onderwyser besig met die finale afronding en voorbereiding vir ons produksie. Sonder u as ouer se hulp, motivering en ondersteuning sal die produksie nie moontlik wees nie en daarvoor bedank ons u opreg.

Graag wil ons die volgende belangrike datums, reëlings en inligting aan u deurgee:

**BELANGRIKE DATUMS:**

| | |
|---|---|
| 1 Sept. | Revue Groepfoto's (In kostuums met hare en grimering). |
| 2 Sept. | Revue Kleedrepetisie 1 - Volle kleedrepetisie met hare en kostuums |
| 5 Sept. | Revue Kleedrepetisie 2 - DVD opname 9:00 tot klaar. |
| 6 Sept. | Voor Optrede: Gateway en Minderbevoorregtes (10:00 tot 13:30) |
| 8 Sept. | Optrede 1: 18:00 tot 21:30 |
| 9 Sept. | Optrede 2: 10:00 (x2 optredes vir die dag)<br>Optrede 3: 18:00 tot 21:30 |
| 12 Sept. | Optrede 4: 18:00 tot 21:30 |
| 13 Sept. | Optrede 5: 18:00 tot 21:30 |
| 14 Sept. | GEEN OPTREDE - Rusdag |
| 15. Sept. | Optrede 6: 18:00 tot 21:30 MP4 (VIDEO) bestellings open op Smartswipe |
| 16 Sept. | Optrede 7: 18:00 tot 21:30 |

**KAARTJIEVERKOPE**

Kaartjies is op Webtickets beskikbaar by www.webtickets.co.za of by enige Pick 'n Pay.
Stappe om kaartjies te bespreek:

1. Registreer op die Webtickets webblad.
2. Voer in: Laerskool Muldersdrif en kies Guts en Glorie (Guts and Glory)
3. Kies die datum van die vertoning wat u wil kyk. 'n Voorbeeld van die saalplan open.
4. Kies die [Laerskool Muldersdrif] ikoon onder die voorbeeld saalplan.
5. Die bespreekbare saalplan sal nou open. Kies die sitplekke waar u graag wil sit.
6. Kies "Check out" en daarna "General admission" en gaan voort om die betaling te maak.
7. Die kaartjies sal aan u per e-pos gestuur word of u kan dit by Pick 'n Pay laat uitdruk.

Neem kennis dat kaartjies by die deure deur Webticket personeel geskandeer word en kan dus net een maal geldig gebruik word.

**SLYPSTEEN TAVERNE**

Aangesien Muldersdrif teen Hendrik Potgieterweg geleë is, en die druk verkeer talle uitdagings bied word daar vir u gerief, tydens die revue, 'n temagerigte restaurant aangebied waar ouers heerlik kan sit en aandete geniet.

eversign Document Hash: 466a271ea725461abfa03e22cd9885d8

Die Restaurant of te wel die Slypsteen Taverne open elke aand vanaf 16:00 tot 17:45 vir aandete en verversings. Die restaurant neem die jaar die vorm aan van ʼn Middeleeuse taverne. U word hartlik uitgenooi om nie net die vertoning te kom kyk nie maar om te kom deel in die ervaring. Saam te eet, lag en te kuier.

Restaurantetes moet asb. 7-dae vooraf op Smart Swipe bespreek en betaal word om teleurstelling te voorkom. Die kos is besonders en u gaan dit nie wil misloop nie.
Aandete sal van 16:00 tot 17:45 bedien word en nagereg gedurende pouse 19:30



**Kom geniet die gesellige atmosfeer, musiek en geselskap by die Slypsteen taverne.**
**Kom smul aan ʻn Middeleeuse bredie, opgedien in ʼn varsgebakte Panini-broodjie met heerlike koolslaai.**
**Bees/Hoender/Groente Bredie opsies is beskikbaar. Moenie van nagereg vergeet nie!**

**AANDETE EN VERVERSINGS VIR LEERDERS**

Aangesien die leerders reeds vanaf 16:00 by die skool moet wees vir kostuums, hare en grimering word daar kospakkies gemaak vir alle leerders wat bespreek het. Daar sal spyskaarte vir elke aand op Smart swipe gelaai word vir bespreking. Alle etes en kospakkies moet asb. 7 dae vooraf reeds betaal en bespreek wees. U is ook welkom om self vir u kind elke aand ʼn kospakkie te pak.

**MASSAKOOR EN TEATERETIKET**

Aan die einde van elke vertoning is daar ʼn Massakoor. Dit is werklik asemrowend en iets baie besonders. Daar word van alle Gr. 2 tot 7 leerders verwag om te bly vir die Massakoor. Gr. 1 leerders wat se ouers in die gehoor is, mag ook deel wees van die Massakoor. Ons vra egter dat geen leerder voor dan, uitgeteken mag word nie. Verstaan asseblief: Elke leerder en onderwyser het vir ʼn jaar lank hard gewerk en net soos die kinders wat eerste optree graag voor ʼn vol gehoor wil optree, so wil die leerders wat laaste optree ook. ʼn Vertoë word aan elke toeskouer gerig om die volle duur van die vertoning te bly en nie op te staan en uit te stap nadat u kind opgetree het nie. Daar is toesig vir die kinders in die klasse. Stuur ʼn kombers en kussing saam vir as die aand lank raak. Geniet die af aandjie en die ervaring saam met ons.

**UITTEKEN VAN LEERDERS**

Elke leerder se veiligheid is vir ons van kardinale belang. Ouers word asb. versoek om leerders by hul registerklasse in die aand uit te teken (Gr. 000 tot Gr. 7)

**TEENWOORDIGHEID**

Alle leerders moet vir elke optrede teenwoordig wees. Wanneer leerders net weg bly of nie opdaag nie laat dit die hele graadgroep in die steek. Daar is dan ʼn gat op die verhoog en dit lyk sleg. Daar word formasies vir die kinders geleer en hul kan nie net opskuif en die gat volmaak nie anders maak dit hulle hele groep of ry deurmekaar. Indien u kind werklik siek is, stel ons asseblief in kennis en moenie net wegbly nie. Ons wil u vroegtydig bedank vir u konsidererende optrede.

eversign Document Hash: 466a271ea725461abfa03e22cd9885d8

**TYE:**

Tydens die Revue sal die volgende tye van toepassing wees.

| Datum | Skool begin | Skool uitkom tye Gr. 1-3 | Skool uitkom tye Gr. 4-7 | Terug by skool vir aand optrede Gr. 000 – Gr. 3 | Terug by skool vir aand optrede Gr. 4 – Gr. 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| **1 Sept.** | 07:30 | 13:15 | 13:45 | Nee | Nee |
| **2 Sept.** | 07:30 | 13:15 | 13:45 | Nee | Nee |
| **5 Sept.** | 07:30 | **14:00 DVD opname** | **14:00 DVD opname** | Nee | Nee |
| **8 Sept.** | 07:30 | 13:00 | 13:00 | 16:00 | 17:30 |
| **9 Sept.** | 07:30 | 14:00 Optrede | 14:00 Optrede | 16:00 | 17:30 |
| **12 Sept.** | 07:30 | 13:00 | 13:00 | 16:00 | 17:30 |
| **13 Sept.** | 07:30 | 13:00 | 13:00 | 16:00 | 17:30 |
| **14 Sept.** | 07:30 | Toesig tot 13:00 | Toesig tot 13:00 | Nee | Nee |
| **15 Sept.** | 07:30 | 13:00 | 13:00 | 16:00 | 17:30 |
| **16 Sept.** | 07:30 | 13:00 | 13:00 | 16:00 | 17:30 |

- **LEERDERS MOET ASSEBLIEF NIE LAAT WEES NIE**.
- **NEEM MOONTLIKE ONGELUKKE EN VERKEER IN AG**

Alle hoofkarakters en bykarakters moet reeds om 16:00 reeds by die skool wees.

**GRIMERING**

Die helder verhoogligte was die kleur uit die kinders se gesigte wat hulle bleek laat lyk. Grimering is noodsaaklik en deel van die pret. Ouers/voogde word gevra om asseblief te help deur reeds vir elke kind (seun en dogter) tuis aan te sit en stuur asseblief 'n goedkoop rooi lipstiffie en swart oogpotlood saam indien u weens higiëniese redes nie wil hê die kinders moet deel nie.

**UITSTAANDE FOOIE**

Daar is nog heelwat revuegelde uitstaande. Revue geld kon afbetaal word vanaf Januarie 2022 tot Oktober 2022. Ons wil 'n beroep op u as ouer doen, om asseblief die uitstaande revuegelde so gou moontlik te vereffen aangesien kostuums gemaak is en die diensverskaffers betaal moet word. Revuegelde is op die 'Smartswipe' sisteem betaalbaar.

**SEKURITEIT EN PARKERING:**

Sekuriteit sal gereël word vir die terrein en voertuie. Alle ouers word versoek om asseblief op die rugbyveld te parkeer.

Dankie aan elke leerder, onderwyser en ouer wat gehelp het om die produksie moontlik te maak.

Kom geniet die ervaring saam met ons. Dit gaan 'n onvergeetlike ervaring wees.

Wees asseblief op die uitkyk vir meer inligting wat op die verskillende platforms gaan verskyn.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat die produksie moontlik maak.

Vriendelike groete,

Herman Byleveld

**Mnr. H. Byleveld**
**Hoof**

Neline Lindes

**N. Lindes**
**ADJ Hoof (Waarnemend)**

eversign Document Hash: 466a271ea725461abfa03e22cd9885d8